

DIE GEBRUIK VAN DIE OU TESTAMENT IN DIE BELYDENISSKRIFTE, HERMENEUTIES BEOORDEEL

H.F. van Rooy
Departement Semitiese tale
Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.
POTCHEFSTROOM

Abstract

In this paper the use of the Old Testament in the Heidelberg Catechism, the Belgic Confession and the Canons of Dordt is explored against the background of its use in the time of the Reformation. The most important trends are defined, namely a tendency to actualize, rarely to spiritualize, the interpretation and even quotation of the Old Testament through the New Testament and the use of texts from the Old Testament as dicta probantia (as proof texts). The relation between the Messianic interpretations of the Old Testament in the confessions and the approach of the New Testament is made clear.

1. INLEIDING

In hierdie artikel word die gebruik van die Ou Testament in die drie belydenisskrifte (die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelijdenis en die Dordtse Leerreëls¹) hermeneuties beoordeel. Daarvoor is dit in die eerste plek nodig dat daar 'n kort aanduiding gegee word van die wyse waarop die Ou Testament in reformatoriese kringe gebruik is in die tyd toe die belydenisskrifte ontstaan het. Wat die Skrifgebruik in die belydenisskrifte self betref, is daar minstens twee moontlike wyses waarop die saak benader kan word. Die eerste moontlikheid is om soos Bosman (1987a) gedoen het ten opsigte van die NGB, die verskillende verwysings van die begin tot die einde van 'n belydenisskrif agtereenvolgens te bespreek en dan daaruit gevolgtrekkings te maak. Die tweede weg word hier gevolg, naamlik om verskillende tendense in die Skrifgebruik te identifiseer aan die hand van die bestudering van elk van die sitate of verwysings en dan die verskillende gedeeltes wat dieselfde tendens vertoon, saam te behandel, soos byvoorbeeld die Messiaanse of apologetiese interpretasie van Ou-Testamentiese tekste.

¹ Hierna word die afkortings HK, NGB en DLR vir die belydenisskrifte gebruik.

Daar word in die artikel ook net aandag gegee aan die direkte aanhalings of verwysings na 'n gedeelte uit die Ou Testament in die teks van 'n belydenisskrif en nie na gedeeltes wat meer indirek bygehaal word nie, soos die teksverwysings wat normaalweg aan die einde van elke antwoord in die HK of aan die einde van elke artikel van die NGB aangetref word.

2. DIE SKRIFGEBRUIK IN DIE TYD VAN DIE REFORMASIE

Die besondere plek wat die Skrif in die Reformasie gekry het, is algemene kennis, sodat nie daarop uitgebrei hoef te word nie. Krauss (1956:7) wys daarop dat die Reformasie met die spreuk van *sola scriptura* 'n geweldige wending in die Christelike teologie gebring het. Gunneweg (1978:46-47) vestig die aandag op die implikasies daarvan vir die Ou Testament. Juis die feit dat die Reformasie weer die Bybel in die sentrum geplaas het, het daartoe bygedra om weer die ou probleem van die plek van die Ou Testament vir die Christelike kerk na vore te bring.

Die gebruik van die Ou Testament in die Reformasie kan nie verstaan word los van die bodem waaruit - en dikwels waarteen - dit ontstaan het nie. Bosman (1987b:29) wys daarop dat die Skrifgebruik in die Hervorming aansluit by die teologiese interpretasie van die Kerkvaders, die klem op die letterlike betekenis van die teks soos by die Joodse eksegete in die Middeleeue en die belangstelling in die grondtale van die Humaniste. Calvyn is veral bekend vir sy klem op die grammaties-historiese lees van die Skrif (Bosman, 1987b:40). Luther het beklemtoon dat daar, in teenstelling met die *sensus spiritualis*, by die eenvoudige en natuurlike betekenis van die woorde gebly moes word (Krauss, 1956:8). Dit beteken dus dat die navorsing wat op die beginsel van die *sola scriptura* gebou het, moes bly by die *sensus litteralis sive historicus* (Krauss, 1956:8). Luther se verskil met die benadering in die Middeleeue kom na vore daarin dat hy 'n afkeer gehad het aan die oormatige allegoriserings om dan die betekenis te verkry in die grammatiese en historiese betekenis van die teks. Hy het die betekenis van die teks gesoek wat die beste pas by die bedoeling van die woorde, maar ook by die historiese omstandighede en sy eie teologiese perspektief (Hendrix, 1983:234).

Die terugkeer na die eenvoudige, letterlike sin van die teks (Helberg, 1983:15) moet deels verstaan word as reaksie teen die tipologisering en allegoriserings by die Kerkvaders en in die Middeleeue. Hierdie reaksie het by Calvyn nog meer as by Luther voorgekom (Krauss, 1956:12). Die Hervormers het wel nie altyd volkome aan tipologie en allegorie ontkom nie, deels ook te wyte aan die manier waarop hulle die Ou Testament in sy verhouding tot die Nuwe Testament benader het. So het Calvyn

die Ou Testament in sy verhouding tot die Nuwe Testament tipologies verklaar, maar tog nie so maklik en so baie aan gedeeltes van die Ou Testament 'n Messiaanse karakter toegeken as wat gewoonlik gedoen is nie (Helberg, 1983:16). Die tipologie van Hebreërs het egter 'n invloed op Calvyn se benadering gehad (Bosman, 1987b:41). Luther het met sy gedagte dat Christus die inhoud van die Woord van God is, meer tot 'n tipologiese verklaring van die Ou Testament gekom en dikwels allegoriese verklarings toegelaat (Grant & Tracy, 1984:93).

Ten spyte van hierdie oorblyfsels, het die Hervormers die klem verskuif na die letterlike verstaan van die Skrif. Dit maak dit natuurlik weer noodsaaklik dat daar behoorlik aandag gegee moet word aan die tyd en plek van die outeur. Die grammatikale ontleding van die woorde en die historiese opheldering van die historiese tydperk word dus van deurslaggewende belang (Krauss, 1956:9). Dit beteken ook dat die primêre betekenis van die teks vasgestel word deur 'n historiese verstaan van die teks. Tog was historiese en grammatiese interpretasie vir die Hervormers nie 'n doel op sigself nie, maar 'n middel tot die verstaan van Christus - iets wat in al die boeke van die Bybel geleer word. In hierdie opsig het die Hervormers aangesluit by die Christologiese interpretasie wat in die Nuwe Testament aangetref word (Grant & Tracy, 1984:94).

Bosman (1987b) bespreek die benadering tot die Skrif van verskeie persone wat op die opsteller van die NGB 'n invloed kon gehad het. Runia (1984) gee weer 'n volledige bespreking van die hermeneutiek van Luther en Calvyn. Dit is uit die aard van die saak onmoontlik om in 'n artikel volledig aandag te gee aan die Skrifbeskouing of hermeneutiek van verskillende persone wat op die opstellers van die belydenisskrifte 'n invloed kon gehad het. Tog is dit belangrik om aandag te gee aan enkele verteenwoordigende figure uit die Reformasie se benadering tot die Ou Testament. Oecolampadius het nie 'n teenstelling gemaak tussen die Ou en Nuwe Testament as wet en evangelie nie (Bosman, 1987b:34). Luther het klem gelê op die letterlike interpretasie van die Skrif, maar het tog ruimte gelaat vir allegorie in soverre as wat die Nuwe Testament dit vir die Ou Testament gebruik het (Bosman, 1987b:35). Luther se benadering tot die Ou Testament hang nou saam met sy siening van die Ou Testament as wet en die Nuwe Testament as evangelie (Krauss, 1956:17, Runia, 1984:142). Zwingli se kommentare vertoon 'n histories-filologiese benadering, maar hy het ook onderskei tussen die letterlike, morele en mistieke betekenis van die Skrif. Allegorie kom wel voor, maar dit word beperk deur die *analogia fidei* en ooreenstemmende Skrifgedeeltes (Bosman, 1987b:36). Bucer se Skrifuitleg word gekenmerk deur 'n streng gebondenheid aan die teks. Die Ou Testament word Christologies verstaan en

vorm deel van 'n heilshistoriese skema van belofte en vervulling (Bosman, 1987b:37). By Melanchton kan daar drie fases onderskei word ten opsigte van sy hantering van die Ou Testament. In die eerste fase was hy sterk onder Luther se invloed, met klem op 'n letterlike interpretasie, vermyding van allegorie en 'n Christologiese uitleg afgelei van 'n letterlike interpretasie. In die tweede fase kom meer tipologie in 'n eksemplariese uitleg voor. In die derde fase ontwikkel hy 'n heilshistoriese teologie wat swaar op tipologiese en eksemplariese eksegetiese steun (Bosman, 1987b:38). Bullinger se Skrifbeskouing word gekenmerk deur 'n rasionele en pneumatiese motivering vir die Skrifgesag, iets waarby die latere Ortodoksie aangesluit het. Die Skrif word so bron vir wysheid, vroomheid, ensovoorts. Hy gee ook klem aan 'n letterlike interpretasie en die interpreteer van 'n moeiliker gedeelte in die lig van 'n makliker gedeelte (Bosman, 1987b:39-40). Calvyn het klem gelê op die essensiële eenheid van die twee Testamente. Die verskil tussen die twee Testamente word dan beskou as 'n verskil in administrasie (Runia, 1984:142).

In die bespreking van die Hervormers se gebruik van die Ou Testament moet daarmee rekening gehou word dat hulle in hulle interpretasie grootliks beïnvloed is deur diegene teen wie en die leerstellings waarteen hulle hulle gerig het. Hiermee word bedoel dat daar 'n tendens tot aktualisering in hulle verklaring van die Ou (en Nuwe) Testament was. Gonzáles (1975:126) toon aan dat Calvyn, wanneer hy sê dat alle afgoddiens en Roomse bygeloof deur die Bybel veroordeel word, die bepaling van die Ou Testament teen die afgode van die heidene na die Rooms-Katolieke gebruik van beelde oorplaas.

Bosman tipeer die Skrifuitleg van die NGB as voorkrities. Met voorkritiese Skrifuitleg bedoel hy veral dat die eksegeet nie krities staan teen sy eie voorveronderstellings en die rol wat dit in sy interpretasie speel nie (1987b:43). In 'n sekere sin is die tipering anachronisties. Die hantering van die Skrif voor die *Aufklärung* kan as voorkrities bestempel word, maar dit beteken nog nie dat die Skrifgebruik daarna in kritiese kringe gekenmerk is deur 'n erkenning van die eie voorveronderstellings nie. In die positiewisme was daar 'n poging om voorveronderstellingloos te werk en om sulke voorveronderstellinglose interpretasie as objektief te beskou, sonder dat goed raakgesien is wat die invloed van die positivistiese uitgangspunt op die interpretasie is. Indien voorkritiese interpretasie getipeer word soos Bosman dit doen, kan kritiese interpretasie eers moontlik wees na die werk van Kuhn.

Wat vir die bestudering van die Skrifgebruik in die belydenisskrifte belangrik is, is die oorgang na die Ortodoksie. Helberg (1983:17) wys daarop dat die Ortodoksie 'n meganiese inspirasieleer voorgestaan het waardeur die historiese karakter van die

Bybel misken is. Dit het daarop uitgeloop dat die Skrif prakties hanteer is as 'n boek vol tydlose uitsprake en leerstellings wat almal op dieselfde vlak lê. Die Ortodoksie het die teks en inhoud van die Bybel losgemaak van die historiese wêreld van sy ontstaan en oorlewering en dit tot 'n supra-naturele en daarmee bowe-tydelike grootheid gemaak (Deist, 1976:16). Skrifuitleg is in diens van die *pura doctrina* gestel en moes die *dicta probantia* lewer. Hierdie ontwikkeling word reeds aangetref by Melanchton wat die Ou-Testamentiese profete *doctores* noem en hulle boodskap *doctrina* (Krauss, 1956:28). Die historiese besef wat hyvoorbeeld by Calvyn aanwesig was, het in die Ortodoksie verdwyn (Krauss, 1956:33). Gonzáles (1975:247) wys op die hydrae van Beza in dié verband - iemand vir wie die Bybel 'n reeks proposisies geword het, almal ewe geïnspireerd en daarom ewe belangrik. Hierdie proposisies is dan in die Calvinistiese teologie van Beza saamgebind.

Teen hierdie agtergrond kan daar nou aandag gegee word aan die tendense wat in die belydenisskrifte aangetoon kan word rakende die gebruik van die Ou Testament.

3. TENDENSE IN DIE GEBRUIK VAN DIE OU TESTAMENT IN DIE BELYDENISSKRIFTE

3.1 Die frekwensie van aanhalings uit die Ou Testament in die drie belydenisskrifte

3.1.1 Die Nederlandse Geloofsbelydenis

In die teks van die NGB word daar op twee maniere direk van die Ou Testament gebruik gemaak, naamlik deur aanhalings van gedeeltes uit die Ou Testament en deur verwysing na gedeeltes uit die Ou Testament. Die volgende gedeeltes word aangehaal: Deuteronomium 12:32 (artikel 7), Genesis 1:26 en 27, 3:22 (artikel 9), Miga 5:1 (artikel 10), Jeremia 33:15 en Jesaja 11:1 (artikel 19), Jesaja 53:5, 7 en 9² en Psalm 69:5 (artikel 21), en Psalm 143:2 (artikel 23). Na die volgende gedeeltes word daar verwys: Psalm 62:10 (artikel 7), Genesis 1:1 (artikel 10), Genesis 3:15 (artikel 17) en Psalm 32:2 (artikel 23).

² In hierdie geval is die verwysing wel iets van 'n probleem. In die Afrikaanse teks soos in die Psalmboek, word verwys na verse 5, 7 en 9. In die Hollandse teks by Bakhuizen van den Brink (1940:97) word daar verwys na verse 5, 7 en 11, terwyl Bosman (1987a:63) verwys na verse 5, 9 en 12. Vers 5 is duidelik korrek, terwyl vers 7, wat nie by Bosman voorkom nie, ook daar moet wees met die verwysing na die lam wat ter slagting gelei word. Vers 9 en 12 kan albei gebruik word vir die graf by misdadigers. Die verwysing moet dus wees na 5, 7 en 9 of 5, 7 en 12.

Die aanhalings wat aangetref word, stem nie altyd presies ooreen met wat in die Hebreeus staan nie. In artikel 7 word daar na Deuteronomium 12:32 verwys en die volgende gedeelte word kursief gedruk in die Afrikaanse vertaling (GKSA, 1987)³: *om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat*. In die outentieke Nederlandse teks word die volgende kursief gedruk: "... aan het Woord Gods iets toe of iets af te doen". In die Hebreeus word "die Woord van God" nie aangetref nie. In artikel 21 word ook in die verwysing na Jesaja 53:5 "die Seun van God" in die belydenis ingeskrif, in plaas van bloot die verwysing na "Hom" wat in die Hebreeus aangetref word. By Psalm 69:5 word die verwysing in die derde persoon gestel, terwyl dit in die Hebreeus in die eerste persoon is. In die Afrikaanse vertaling is die aanhaling nie kursief nie, terwyl dit in die outentieke Nederlandse teks wel kursief is.

3.1.2 Die Heidelbergse Kategismus

In die Kategismus word daar net direk na die Ou Testament verwys in vraag 10 en in Sondag 34 (die Tien Gebooe). In vraag 10 word daar na Deuteronomium 27:26 verwys, maar dan soos aangehaal in Galasiërs 3:10. Hierop sal later teruggekom word. Die aanhaling van die Wet bied geen probleme nie.

3.1.3 Die Dordtse leerreëls

In die Dordtse leerreëls word daar na twee gedeeltes uit die Ou Testament verwys, naamlik na Genesis 17:7 in hoofstuk 1, afdeling 1 en na Psalm 51:10 by die bestryding van die vierde dwaling (hoofstuk 3/4). Verder word daar 'n hele aantal aanhalings uit die Ou Testament aangetref, almal by die bestryding van die dwalinge: Deuteronomium 10:14 en 15 (hoofstuk 1, dwaling 9), Jesaja 53:10 (hoofstuk 2, dwaling 1), Jeremia 17:9 (hoofstuk 3/4, dwaling 3), Genesis 6:5; 8:21 (hoofstuk 3/4, dwaling 4), Psalm 147:19 en 20 (hoofstuk 3/4, dwaling 5), Jeremia 31:33, Jesaja 44:3 en Jeremia 31:18 (hoofstuk 3/4, dwaling 6) en Esegël 33:26 (hoofstuk 3/4, dwaling 7).

Ook hier gebeur dit dat daar afgewyk word van wat letterlik in die Hebreeus staan. Ten opsigte van Genesis 6:5 word iets wat in die Hebreeus in die indirekte rede staan

³ Vir die Afrikaanse vertaling van die belydenisskrifte is daar telkens van GKSA (1987) gebruik gemaak en vir die outentieke Nederlandse tekste van Bakhuizen van den Brink (1940). Die verwysings sal nie elke keer gegee word nie. Daar word nie bladsyverwysings gegee by die Afrikaanse vertaling van die belydenisskrifte nie, en ook nie by die verwysings na die outentieke tekste by Bakhuizen van den Brink nie, omdat die verwysing telkens per artikel (NGB), vraag of Sondagsafdeling (HK) of hoofstuk en afdeling (DLR) gegee word.

in die direkte rede geplaas (hoofstuk 3/4, dwaling 4). By Jeremia 31:18 is die outentieke Nederlandse teks interessant. Daar staan: "Bekeer mij, zoo zal ik bekeer zijn." In die Afrikaans staan: "Bekeer my, dan sal ek my bekeer." Die Hebreuse werkwoord dui op 'n handeling van die onderwerp, terwyl die Nederlands 'n toestand aandui. Dit is egter goed te verstaan as 'n reaksie teen die dwalinge van die Remonstrante. Deur die werkwoord as 'n toestand weer te gee, word alle moontlikheid van menslike handeling by bekering uitgesluit, sodat dit voluit God se werk word. Dieselfde vertaling as in die Dordtse leerreëls word ook in die Statevertaling aangetref.

Die enkele verskille wat daar wel tussen die aanhalings in die drie belydenisskrifte is, kan aan doelbewuste veranderings toegeskryf word, sodat daar in elk geval nie sprake is van 'n ander teks as die basiese Masoretiese teks wat die aanhalings ten grondslag lê nie.

3.2 Aktualisering

Met aktualisering ten opsigte van die interpretasie van die Bybel in die belydenisskrifte word bedoel dat die Skrifgedeelte geïnterpreteer word in die lig van spesifieke omstandighede in die tyd waarin die belydenisskrif ontstaan het. Hierdie omstandighede het 'n invloed op die interpretasie en/of toepassing van die gedeelte. So kan daar in sekere gevalle duidelik gesien word dat die interpretasie van 'n spesifieke gedeelte gerig is teen byvoorbeeld die Rooms-Katolieke Kerk of die doperse rigting. Hierdie funksie van belydenisskrifte word deur Pont (1983:7) bespreek onder die opskrif: "Die geloofsbelydenis as verdediging." Dit was 'n saak wat reeds vir Luther van belang was en hy het steeds gesoek na 'n kontemporêre toepassing van die teks (Hendrix, 1983:285).

Hierdie verskynsel kom duidelik na vore in die HK se verklaring van die Tien Gebooe, waarin daar in sommige van die verklarings 'n reaksie teen die Roomse Kerke en teen die doperse rigting opgemerk kan word.

In die verklaring van die derde gebod word in vraag 101 die regmatige eed aanbeveel, wat 'n reaksie teen die doperse rigting van daardie tyd is (Exalto, s.a.:48; vgl Balke, 1973:261-268). Die antwoord wys daarop dat die owerheid met reg 'n eed kan vra - iets wat 'n reaksie is teen die doperse miskenning van die owerheid as instelling van God.

Calvyn verbind in sy verklaring van die derde gebod in die Institusie die saak van ede eksplisiet aan die dwalinge van die Anabaptiste (1966 I:336-337). Die anti-doperse tendens kan ook gesien word in die verklaring van die vierde gebod. Die aandag aan die sake wat met die rusdag te doen het, was veral gerig teen die spiritualistiese trekke in die doperse rigting (vgl. Exalto, s.a.:47-48). Calvyn noem hier nie die Anabaptiste by naam nie, maar verwys wel na persone wat allerhande besware het teen die onderhouding van die rusdag (1966 I;342). Ook in die vyfde gebod kan anti-doperse trekke gesien word, met name die miskenning van die owerheid wat in vraag 104 behandel word wanneer daar verwys word na almal wat oor 'n mens gestel is en waarby uit die aard van die saak die owerheid ingesluit is. Die verwysings na die owerheid in antwoord 105 (sesde gebod) en 111 (agste gebod) moet ook in hierdie lig gesien word (vgl. Balke, 1973:268-273 vir 'n samevatting van Calvyn se reaksie op die doperse siening van die staat).

In die verklaring van die derde gebod in die Kategismus kan 'n reaksie teen die Roomse Kerk opgemerk word. Vraag 102 is gerig teen die Roomse gebruik om 'n eed by heiliges te sweer. In die verklaring van die tweede gebod is die reaksie teen die Roomse Kerk sigbaar in die duidelike verwysing na beelddiens, en veral die beelde van heiliges wat in die Roomse Kerk 'n besondere plek gehad het. Die onderrig deur beelde word afgewys. Dit geld as 'n voorbeeld van 'n ander manier waarop mense God wil afbeeld - iets wat teen die Bybelse voorskrifte ingaan (vgl. Exalto, s.a.:42-43). Dieselfde verskynsel kom by die verklaring van die eerste gebod voor. In antwoord 94 word onder die dinge wat vermy moet word, melding gemaak van die aanroeping van heiliges of ander skepsels. Dit is direk gerig teen die bekende praktyk van die Roomse Kerk in daardie tyd. Hierby word in vraag 95 aangesluit as gevra word wat afgodery is. Die antwoord op die vraag het bogenoemde praktyk op die oog. Hiermee kan vergelyk word wat in vraag 80 oor die Roomse Mis gesê word en waar dit afgodery genoem word (vgl. Exalto, s.a.:43).

Die aktualisering kom egter nie net na vore in apologetiese tendense in die verklaring nie, maar ook in die direkte toepassing van Ou-Testamentiese sake op die Nuwe-Testamentiese kerk. Dit gebeur in die verklaring van die vierde gebod in die Kategismus, waar die gebod direk van toepassing gemaak word op sake wat eie is aan die Nuwe-Testamentiese kerk - sake soos Woordbediening, sakramente en die Christelike liefdesgawes. 'n Verdere voorbeeld word aangetref in die Kategismus se hantering van die tweede gebod. Die eerste vraag in Sondag 35 gee 'n kort verklaring van die verbod op beelde, maar voeg daarby dat God op geen ander manier vereer mag word as wat Hy in sy Woord beveel het nie. Soos bo aangetoon, geld die beelddiens as 'n voorbeeld van 'n ander manier waarop God vereer word.

Die apologetiese tendens kom nie net in die HK voor nie. Ten opsigte van artikel 4 van die NGB wys Polman (sa I:200-202) op die miskenning van die Ou Testament in die geskiedenis van die kerk en ook in die doperse rigting in die tyd van die Reformasie. Bosman (1987a:55) vestig die aandag daarop dat artikel 4 van die NGB se uitspraak oor die kanonisiteit van die Ou Testament teen hierdie agtergrond verstaan moet word. Die saak van die apokriewe boeke in artikel 6 het weer te doen met die verskil met die Roomse Kerk rakende die kanon van die Ou Testament (vgl. Bosman, 1987a:55-56).

Die aansluiting by sake in die tyd van die Reformasie kom natuurlik nie net in aktualisering na vore nie, maar ook in die aansluiting by gangbare teologiese standpunt uit die tyd van die belydenisskrifte. Bosman (1987a:55) toon byvoorbeeld aan dat die outeursuitsprake oor die boeke van die Ou Testament in artikel 4 van die NGB gesien moet word in die lig van die algemeen aanvaarde standpunte van daardie tyd. Daar word ook by die indeling van die Septuagint en die Vulgaat aangesluit deur Daniël as een van die groot profete te beskou. Die volgorde van die boeke sluit by dié in hierdie ou vertalings aan, en nie by dié van die Hebreeuse Ou Testament nie - soos wat 'n mens dalk sou verwag weens die beklemtoning van die belang van die Hebreeuse teks.

3.3 Vergeesteliking

Alhoewel dit so is dat daar in die Reformasie klem gelê is op die letterlike interpretasie van die Bybel, word iets van die soeke na 'n dieper sin soms aangetref. In artikel 34 van die NGB word rondom die doop 'n tipologiese en allegoriese verklaring van die Ou Testament aangetref:

Dit gebeur nie deur die uitwendige water nie maar wel deur die besprinkeling met die kosbare bloed van die Seun van God, ons Rooisee waardeur ons moct trck om aan die slawerny van Farao, dit wil sê die duiwel, te ontkom en om in die geestelike land Kanaän in te gaan.

Die gelykstelling van die Rooisee met die bloed van Christus, Farao met die duiwel en die verwysing na die geestelike land Kanaän is tipiese allegoriserings. Bosman (1987a:66) wys op die ooreenstemming tussen hierdie verklaring en Calvyn se verklaring (vgl. Calvyn, 1966 II:517).

In die Kategismus kan iets van hierdie vergeesteliking gesien word in die verklaring van die tiende gebod. Daar word nie gekonsentreer op die letterlike betekenis van die gebod wat in die gebod self verbind word aan sake soos besittings nie. Die gebod word

vergeestelik deur dit van toepassing te maak op die begeerte om enige gebod te oortree. Die verklaring hou wel verband met die vraag na die verskil tussen die agste en tiende gebod. Fensham (1970:141) wys daarop dat dit in die tiende gebod gaan om die begeerte wat die daad voorafgaan. Tog het dit hier in die begeerte en in die daad met 'n ander se besittings te doen, sodat die uitbreiding na verkeerde begeertes oor al die gebooië vergeesteliking is. Die vergeesteliking van die gebod in die HK toon ooreenkomste met Calvyn se verklaring (1966 I:354-355).

3.4 Tipiese bewysteksaanhaling

'n Baie algemene manier waarop tekste uit die Ou Testament (soos ook uit die Nuwe Testament) in die belydenisskrifte gebruik word, is as bewystekste. Hiermee word bedoel die aanhaling van of verwysing na Skrifgedeeltes as bewys vir een of ander stelling wat gemaak word. Hiervan sal daar baie voorbeelde gegee kan word. Dit kom algemeen in die Dordtse leerreëls voor, veral by die bestrydinge van die dwalinge. Daar word dit meermale aangetref dat eers die dwaling verwerp word en dat daar daarna bloot verwys word na die teks of tekste uit die Skrif waardeur die verwerping gemotiveer word. Daar is 'n hele aantal voorbeelde hiervan by die verwerping van die dwalinge by die derde en vierde hoofstuk van die leer. In punt 4 word 'n aanhaling uit Genesis 6:5 aangetref, waarin 'n waarneming van God in die indirekte rede as 'n stelling in die direkte rede aangehaal word. Daar word ook na Genesis 8:21 verwys, waar soortgelyke woorde deur God uitgespreek word. Die aanhalings word gebruik as bewysgrond dat die onwedergebore mens in die sonde dood is. Genesis 6:5 word op dieselfde wyse gebruik as wat Calvyn die vers gebruik in die deel van die *Institusie* wat daarop wys dat die mens van sy goeie wil ontnem is en aan die sonde verslaaf is (Calvyn, 1966 I:244). Die gebruik van die teks is in ooreenstemming met die betekenis van die oorspronklike. Von Rad (1972:117) wys daarop dat Genesis 6:5 'n samevatting is van die resultaat van die uitbreiding van die sonde. Die hart is hier die setel van die mens se emosie, insig en wil. Aan die einde van dieselfde dwaling is daar 'n verwysing na Psalm 51:10. Dié verwysing is problematies, omdat die teks nie veel te doen het met dit wat in hierdie gedeelte gestel word nie. Bakhuizen van den Brink verwys ook na vers 10 by die outentieke Nederlandse teks, maar na vers 19 by die Latynse teks. Uit die konteks is dit duidelik dat die verwysing na vers 19 moet wees, sodat die Afrikaans in navolging van die Nederlandse teks verkeerd is. Die offer van 'n gebroke gees waarna in dié punt verwys word, is uit vers 19 van Psalm 51. Waarop hier gelet moet word, is die gesamentlike verwysing na Psalm 51 en Matteus 5:6. Die twee tekste se inhoud word nie direk aangehaal nie, maar saamgevoeg tot 'n eenheid, waardeur

enige verskil tussen die Ou en Nuwe Testamente verontagsaam word. Die openbaringshistoriese plek van elk asook die verskillende soorte stof word glad nie in ag geneem nie. Dieselfde geld van die aanhaling van Jeremia 17:9 in die derde punt by hierdie hoofstuk: "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit." Hierdie uitspraak word gebruik as bewys vir die verdorwenheid van die mens se wil. Die breër konteks en die openbarings-historiese plek van die uitspraak kom glad nie na vore nie. Die teks word bloot as 'n bewysteks gebruik, sonder die gedagte dat daar nie op die mens vertrou kan word nie - iets wat uit die konteks duidelik is. Weer is daar 'n ooreenkoms met Calvyn se gebruik van die vers (1966 I:250).

'n Verdere voorbeeld word aangetref by die verwerping van die negende dwaling by die eerste hoofstuk. Hier word Deuteronomium 10:14 en 15 aangehaal as ondersteuning vir die verwerping van die dwaalleer dat God die evangelie na een volk stuur en nie na 'n ander nie as sou die een volk waardiger wees as die ander en nie verkies word op grond van God se welbehae nie. In hierdie geval is die interpretasie van die gedeelte heeltemal aanvaarbaar (vgl. Driver, 1973:125). In aansluiting by die gangbare standpunt van daardie tyd word aanvaar dat Moses die woorde uitgespreek het. Die gebruik van hierdie verse sluit nou aan by Calvyn se gebruik hiervan by een van die twee geleenthede waar hy na die verse in die *Institusie* verwys. In die eerste geval word dit gebruik om een van die verskille tussen die twee Testamente aan te dui, naamlik dat die Woord in die Ou Testament net aan een volk gegee is (1966 I:396). In die tweede geval word dit gebruik as bewysteks vir die uitverkiesing (1966 II:207). Hier kan iets van die tipiese bewysteksmetode gesien word as een teks as bewys vir verskillende sake gebruik word.

Hierdie gebruik kom egter ook in die NGB voor. As voorbeeld kan geld die aanhaling van drie gedeeltes uit die Ou Testament in artikel 9. Dit word aangehaal as deel van die Skrifbewyse oor die leer van die Drie-eenheid. Daar word verwys na Genesis 1:26 en 27 en na Genesis 3:22. Bosman (1987a:57-58) bespreek verskillende standpunte rakende die meervoud "ons", maar gee nie aandag aan die enkelvoud in Genesis 1:27 nie. Hy stel dat daar onder moderne eksegete eenstemmigheid is dat Genesis 1:26 en 3:22 nie direk na die Drie-eenheid verwys nie. Die NGB sê dit in 'n sekere sin self ook, deurdat daar gesê word dat die Ou Testament hier nog die saak enigszins duister stel, terwyl die Nuwe Testament meer lig daarop werp. Dit is 'n belangrike stelling vir die verhouding tussen die twee Testamente, met 'n duidelike aanduiding van 'n openbaringshistoriese progressie van die Ou Testament na die Nuwe Testament. Vir die aansluiting van die NGB by die kerklike tradisie oor hierdie tekste, vergelyk Polman (sa I:304-308; vgl. ook Calvyn, 1966:134).

In artikel 7 wat handel oor die volkomenheid van die Heilige Skrif, word daar twee verwysings na die Ou Testament aangetref, naamlik Deuteronomium 12:32 en Psalm 62:10. Deuteronomium word nie direk aangehaal soos dit in die Bybel staan nie, maar die teks word aangepas om aan te sluit by die belydenis se bedoeling, naamlik om die volkomenheid van die Skrif aan te dui. In die teks self is daar geen direkte verwysing na die Bybel of die Woord van God nie, maar wel na wat God beveel. In die belydenis word die uitspraak direk op die Woord van God toegepas. Die hoofstuk waaruit die aanhaling kom, bevat voorskrifte oor die sentralisering van die kultus (vgl. Bosman, 1987a:56). In die oorspronklike taal vorm dit deel van 'n vermaning om die voorskrifte van God na te kom. Dié soort vermanings kom meermale in Deuteronomium voor en moet binne die verbondskonteks van die boek verstaan word. Binne die verbond gee God voorskrifte aan sy volk en die onderhouding daarvan word van sy volk vereis. Die verontagsaming daarvan sal op straf uitloop. Wat die belydenis dus hier doen, is om 'n vermaning wat op die nakoming van 'n spesifieke voorskrif betrekking het, op die Bybel as geheel toe te pas. In dié sin funksioneer die teks as 'n bewysteks en word dit nie binne sy openbarings-historiese plek geplaas nie.

Van die kenmerke wat Bosman (1987a:66-67) onderskei in die NGB se hantering van die Ou Testament, kan te pas gebring word by hierdie gebruik van Ou-Testamentiese tekste as bewystekste, byvoorbeeld dat die Ou Testament teksgewys en dikwels vry en fragmentaries is (Bosman se tweede punt) en die gebrekkige aandag aan die literêre en historiese konteks (sy vierde punt).

3.5 Indirekte afleidings uit tekste

Dit gebeur meermale dat tekste uit die Ou Testament gebruik word as basis vir sekere afleidings, sodat die tekste nie direk in hulle letterlike betekenis gebruik word nie. Hierdie gebruik hou verband met die gebruik wat in die vorige punt bespreek is, maar met die verskil dat daar 'n direkte aansluiting is, terwyl hier 'n indirekte aansluiting is. 'n Voorbeeld hiervan word aangetref in punt 17 van die eerste hoofstuk van die Dordtse Leerreëls. Dit is die enigste verwysing na die Ou Testament in die uiteensetting van die leer in die dokument. Al die ander verwysings word in die bestryding van die dwalinge aangetref. In hierdie punt word gestel dat die kinders van gelowige ouers heilig is kragtens die genadeverbond. Hieruit word dan die afleiding gemaak dat gelowige ouers nie moet twyfel aan die saligheid van kinders wat jonk dood is nie. Aan die einde van die punt word dan na drie teksgedeeltes verwys, waaronder Genesis 17:7 wat die belofte van God aan Abraham bevat dat God sy verbond oprig tussen Hom en

Abraham en Abraham se nageslag. Die artikel bevat 'n afleiding uit die belofte rakende die verbond en nie 'n saak wat direk in die Ou Testament so gestel word nie. In die NGB word iets soortgelyks aangetref in artikel 23, waar Psalm 143:2 aangehaal word. In die NGB word 'n versugting in Psalm 143 'n gesamentlike versugting van alle gelowiges gemaak. In die smeekpsalm funksioneer die versugting om die digter se kleinheid en gebrokenheid te beklemtoon - en hierby sluit die belydenis baie mooi aan deur daarop te wys dat die mens niks het waarop hy voor God kan vertrou nie.

'n Verdere voorbeeld word in artikel 7 aangetref, waar daar na Psalm 62:10 verwys word, hoewel dit nie direk aangehaal word nie. Psalm 62:10 word gebruik as bewysgrond daarvoor dat menslike geskrifte nie met die Bybel gelykgestel kan word nie. In die Psalm gaan dit oor die betroubaarheid van God waarteen die onbetroubaarheid van mense gestel word. Dit moet egter opgemerk word dat die belydenis pertinent sê dat alle mense *uit hulleself* leuenaars is. Hierdie kwalifikasie het Bosman (1987a:57) nie goed in gedagte gehou by sy verwysing na die radikale veralgemening van die mens se leuenagtigheid nie. Hier word 'n kwalifikasie daaraan toegevoeg wat ooreenstem met die kwalifikasie wat by vraag en antwoord 8 van die HK aangetref word. Die afleiding wat die belydenis hier uit Psalm 62:10 maak, is in ooreenstemming met die gees en inhoud van die Psalm.

In die Dordtse Leerreëls by punt 5 oor die bestryding van die dwalinge (die derde en vierde hoofstuk van die leer) word 'n verwysing na Psalm 147:19 en 20 aangetref. In die punt word die dwaling verwerp dat die verdorwe mens deur die algemene genade te gebruik by 'n groter genade kan uitkom. So sou God dan bereid wees om Christus aan alle mense te openbaar en almal het die nodige middele vir die openbaring van Christus en het vir geloof en bekering genoegsaam ontvang. In die bestryding van die dwaling word Psalm 147:19 en 20 aangehaal: "Hy maak aan Jakob sy woorde bekend, aan Israel sy insettinge en sy verordeninge. So het Hy aan geen nasie gedoen nie; en sy verordeninge die ken hulle nie." In hierdie geval word weer 'n afleiding uit die verse gemaak. Die verse handel nie oor die spesifieke onderwerp wat in die dwaling aangespreek word nie. Die afleiding is wel wettig in die opsig dat die Here se woord waarna in die Psalm verwys word, inderdaad nie aan almal geskenk is nie. Dit was juis een van die kenmerke wat Israel van die ander nasies afgesonder het. In die Psalm gaan dit nie oor die openbaring van Christus nie, maar daar word 'n loflied op die grootheid van God gesing, wat onder andere na vore kom in die wyse waarop Hy Israel begenadig het.

In die volgende punt in die Dordtse Leerreëls word drie verwysings na die Ou Testament aangetref. In dié punt word die dwaling verwerp dat die geloof nie 'n gawe

van God is nie, maar 'n daad van die mens. Die aanhalings uit Jeremia 31:31 en 38 en Jesaja 44:3 beklemtoon al drie die inisiatief van God wat op besondere wyse genade gee en die mens se hart verander. In hierdie geval kan daar dus met die interpretasie van die gedeeltes saamgestem word en is die afleiding daaruit oortuigend. Dieselfde geld die aanhaling van Esegïel 36:26 in punt 7 waar weer gewys word op God se inisiatief in die vernuwung van die mens.

3.6 Die verhouding tussen die Testamente in die belydenisskrifte

Die wyse waarop die belydenisskrifte die verhouding tussen die twee Testamente gesien het, kom onder andere in twee sake na vore, naamlik die wyse waarop die Ou Testament soms via die Nuwe Testament aangehaal word en die wyse waarop gedeeltes van die Ou Testament Messiaans geïnterpreteer word in die lig van die Messiaanse interpretasies van die Ou Testament deur die Nuwe Testament. Dit is in elk geval so dat die Nuwe Testament se hantering van die Ou Testament 'n baie belangrike invloed op die Hervormers uitgeoefen het. Breytenbach (1983:45) gaan so ver as om te sê dat die Nuwe Testament se verstaan van die Ou Testament eintlik die hermeneutiese sleutels geword het vir die Hervormers se benadering tot die Skrif.

3.6.1 Aanhaling van die Ou Testament via die Nuwe Testament

'n Baie insiggewende voorbeeld hiervan word aangetref in die enigste plek in die HK waar die Ou Testament aangehaal word, behalwe vir die Tien Gebooie. Die aanhaling in antwoord 10 is uit Galasiërs 3:10, wat weer aanhaal uit Deuteronomium 27:26. Hierdie teks uit Galasiërs het egter nie 'n direkte aanhaling van die Hebreeus nie, maar bevat sekere wysigings aan die teks, wat ook nie direk verband hou met die Septuagint se weergawe van die Hebreeus nie (vgl. Burton, 1971:164 en Hendriksen, 1974:126). Dit is dus die eerste aspek wat opgemerk word: wanneer die Ou Testament hier aangehaal word deur die Nuwe Testament word die Nuwe-Testamentiese aanhaling gebruik. Paulus gebruik die aanhaling in die Nuwe Testament in 'n argument teen die opvatting van die Judaïste dat verlossing deur wetsonderhouding kom. In die Ou Testament is die vers egter deel van 'n reeks vloeke wat uitgespreek word oor hulle wat die wet verbreek. Hierdie vloek vorm dus deel van God se oordeel oor verbondsbreuk. In die konteks van Deuteronomium funksioneer dié gedeelte as 'n aanmoediging om die wet te onderhou, terwyl Paulus dit gebruik ter motivering van die standpunt dat daar nie verlossing gevind kan word langs die weg van wetsonderhouding nie. Die

Kategismus gebruik die aanhaling om God se oordeel oor die sonde aan te dui. Die Kategismus gebruik dus die aanhaling in die Nuwe Testament as teks, maar die betekenis van die aanhaling in die Kategismus sluit meer aan by die Ou-Testamentiese konteks (wat dui op God se oordeel oor die verbreking van die wet) as by Paulus se gebruik daarvan teen die Judaïste. Calvyn verwys drie keer in die *Institusie* na die teks uit Deuteronomium (1966 I:311, II:62, 112), waarvan die eerste en die laaste by die Nuwe Testament aansluit en die tweede by die Ou Testament.

In artikel 10 van die NGB kan die geskrif se gebruik om Ou-Testamentiese tekste in die lig van die Nuwe Testament te lees en toe te pas, goed gesien word. Die artikel handel oor die Godheid van Christus en as deel van die Skrifbewys word na Genesis 1:1 verwys, wat saam met Johannes 1:1, Hebreërs 1:2 en Kolossense 1:16 gelees word en dan op Christus van toepassing gemaak word (vgl. ook Bosman, 1987a:59). Die Nuwe Testament word hier as sleutel gebruik om 'n heeltemal nuwe betekenis aan 'n Ou-Testamentiese teks te gee, 'n betekenis wat nie in die Nuwe Testament self aan daardie Ou-Testamentiese teks gegee word nie.

In artikel 23 word nog 'n geval aangetref waar daar 'n verwysing is na 'n gedeelte uit die Ou Testament wat ook in die Nuwe Testament aangehaal word. In Romeine 4:6-8 word daar verwys na Psalm 32:1-2. Die Psalm word nie in artikel 23 aangehaal nie, maar die volgende verwysing word aangetref: "Dit leer Paulus en Dawid ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken" (Psalm 32:2 en Romeine 4:6). Die toerekening van die geregtigheid buite die wet om word egter nie in die psalm aangetref nie, soos blyk uit die aanhaling in Romeine 4. Paulus maak die Ou-Testamentiese gedeelte - die saligspreking wat Dawid uitspreek - van toepassing op die saak van regverdiging sonder wetsonderhouding. Die belydenis plaas Paulus en Dawid hier op dieselfde vlak en maak die uitspraak op albei van toepassing. Bosman (1987a:79) wys daarop dat in die aanhaling in die Nuwe Testament die laaste gedeelte van vers 2 waarin die voorwerp van die saligspreking nader gekwalifiseer word as die een in wie se gees geen bedrog is nie, weggelaat word. In die belydenis word die verwysing gebruik om te beklemtoon dat verlossing uit genade geskied. Die inhoud van die belydenis is geen probleem nie, maar dit is 'n vraag of die verwysing na Dawid reg laat geskied aan die inhoud van Psalm 32. Dawid het nie gesê wat aan hom toegedig word nie, maar Paulus maak 'n toepassing van Dawid se uitspraak op sy eie omstandighede. Dit is iets wat telkens in die Nuwe Testament gebeur, naamlik dat 'n Ou-Testamentiese uitspraak in 'n nuwe konteks 'n nuwe betekenis kry. Die verskil tussen die twee kontekste word egter nie in die belydenis aangedui nie. Calvyn versoen die Ou en Nuwe Testament deur te verklaar dat die geseëndheid in die Psalm (**יְיָ**) gelyk is aan regverdigheid (1966 II:57).

3.6.2 Messiaanse interpretasie van die Ou Testament

In aansluiting by dit wat gebruiklik was in die tyd van die Reformasie, word dit dikwels in die belydenisskrifte aangetref dat gedeeltes uit die Ou Testament maklik direk-Messiaans geïnterpreteer word. 'n Interessante geval word in artikel 21 van die NGB aangetref. In die artikel word daar na Psalm 69:5 verwys. Bosman (1987a:64) wys daarop dat die vers in Johannes 15:25 Messiaans gebruik word en dat die belydenis daarby aansluit deur ook die vers Messiaans te gebruik. Tog is die saak nie heeltemal so eenvoudig nie. In Johannes 15:25 word woorde uit die begin van die vers aangehaal ("Hulle het My sonder oorsaak gehaat"), terwyl in die belydenis verwys word na woorde aan die einde van die vers ("Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie"). Hier word in die belydenis die Messiaanse interpretasie van die eerste gedeelte van die vers in die Nuwe Testament na die tweede gedeelte uitgebrei om iets van die versoeningswerk van Christus duidelik te maak. Vir die gebruik om die Ou Testament in die lig van die Nuwe Testament te lees, bied hierdie Psalm 'n merkwaardige uitsondering in die 1933/53-vertaling. Nóg in die oorspronklike vertaling nóg in die hersiening daarvan word die Ou-Testamentiese teks Messiaans geles deur met hoofletters aan te dui dat die Nuwe Testament hierdie teks op Christus van toepassing gemaak het nie. Daardie vertaling het dus nie konsekwent altyd die Nuwe-Testamentiese toepassing van Ou-Testamentiese gedeeltes op die Messias in die Ou Testament teruggelees nie. Wat Psalm 69:5 betref, verwys Ridderbos (1958:208) wel daarna dat die Psalm in Johannes 15:25 aangehaal word, maar hy bied geen Messiaanse interpretasie van die teks nie. Calvyn het wel hierdie Messiaanse interpretasie (1966 I:439), sodat die belydenis daarmee ooreenstem.

Bosman (1987a:59-60) toon duidelik aan hoe Miga 5:1 in artikel 10 van die NGB in aansluiting by die interpretasie van die Nuwe Testament in Matteus 2:5-6, direk op Christus van toepassing gemaak word. Hierdie direk-Messiaanse interpretasie was wel in die tyd van die belydenis algemeen (vgl. Calvyn, 1966 I:421), maar is tog soms problematies. Daardeur word die Ou Testament nie in die eerste plek as Ou Testament in sy oorspronklike konteks geles nie. Wat in hierdie geval baie merkwaardig is, is dat daar by Miga 5:1 'n belangrike verskil is tussen die 1933-vertaling en die 1953-hersiening daarvan. In die 1933-vertaling word die woord "heerser" met 'n kleinletter gespél, terwyl dit in die 1953-hersiening met 'n hoofletter gespél word. Daaruit blyk iets van 'n tendens om in die hersiening meer gedeeltes in die Ou Testament direk-Messiaans te lees as in die oorspronklike 1933-vertaling. Die direk-Messiaanse verklaring van Ou-Testamentiese gedeeltes kom ook na vore in Genesis 3:15 in artikel 17 van die belydenis (vgl. Bosman se bespreking daarvan, 1987a:60-61). Dit geld ook

die gebruik van Jeremia 33:15 en Jesaja 11:1 in artikel 18. Die gebruik van Jesaja 53 in artikel 21 is ook merkwaardig. Nie net word veral vers 5 direk-Messiaans geïnterpreteer nie, maar dit wat hoogstens implisiet in die teks is, word in die belydenis eksplisiet gemaak met die direkte verwysing na die Seun van God.

Jesaja 53:10 word aangehaal in die bestryding van die eerste dwaling (hoofstuk 2 van die Dordtse leerreëls). Ook hier word die gedeelte direk-Messiaans geïnterpreteer. Die nakroos (VJI) waarna verwys word, word dan geestelik geïnterpreteer, terwyl dit meer waarskynlik is dat dit na 'n gewone nageslag verwys. Hier kan duidelik gesien word hoe die basiese uitgangspunt dat hierdie gedeelte 'n direk-Messiaans profesie is, die hele interpretasie direk beïnvloed het.

4. SLOT

In hierdie studie het daar sekere duidelike tendense in die belydenisskrifte se gebruik van die Ou Testament na vore gekom. Die tendens tot vergeesteliking is relatief skaars en kan beskou word as 'n oorblyfsel van vroeëre vergeesteliking. Die meerdere aandag wat 'n letterlike verklaring kry, pas goed in by die vernuwing wat die Reformasie gebring het. Die tendens tot aktualisering toon aan dat die Bybel nie in 'n lugleegte gelees is nie, maar dat die probleme waarmee die opstellers gekonfronteer was in hulle verdediging van die gereformeerde leer teen Rome en die doperse rigting, 'n duidelike invloed op hulle interpretasie gehad het.

Die gebruik van die Ou Testament as 'n bron vir bewystekste, direk of deur afleiding, hou die gevaar in dat die historiese konteks en die openbaringshistoriese voortgang in die Bybel uit die oog verloor kan word, alhoewel dit so is dat daar op plekke aanduidings is dat die voortgang wel raakgesien is. Hierdie wyse waarop die Ou Testament gebruik is, het ook 'n invloed op die wyse waarop die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament beskou is. Daar is plekke waar die twee Testamente op dieselfde wyse benader word, sodat die onderskeid vervaag. Ten opsigte van die Messiaanse interpretasie van gedeeltes in die Ou Testament, het die Nuwe Testament se hantering van sulke gedeeltes in die Ou Testament dikwels 'n bepalende rol gespeel, alhoewel dit ook aangetoon is dat die belydenisskrifte hierin soms selfs verder as die Nuwe Testament gaan, ook deur soms die Ou-Testamentiese tekste uit te brei deur sake eksplisiet te stel, soos die byvoegings waarna in 3.6.2 verwys is.

5. BIBLIOGRAFIE

- BAKHUIZEN VAN DEN BRINK, J.N. 1940. De Nederlandsche belijdenisgeschriften. Vergelykende teksten. Amsterdam : Uitgeversmaatschappij Holland.
- BALKE, W. 1973. Calvijn en de dopere radikalen. Amsterdam : Ton Bolland.
- BOSMAN, H.L. 1987a. Die gebruik van die Ou Testament in die NGB. (In Bosman, H.L. *et al.* Die Nederlandse Geloofsbelijdenis - ontstaan, Skrifgebruik en gebruik. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika, p. 53-69.)
- BOSMAN, H.L. 1987b. Die historiese wortels van die Skrifgebruik in die Nederlandse Geloofsbelijdenis. (In Bosman, H.L. *et al.* Die Nederlandse Geloofsbelijdenis - ontstaan, Skrifgebruik en gebruik. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika, p. 29-52.)
- BREYTENBACH, A.P.B. 1983. Die belydenis in hermeneutiese verband. *Hervormde Teologiese Studies*, 38(2-3):45-51.
- BURTON, E de W. 1971. A critical and exegetical commentary on the Epistle to the Galatians. (International Critical Commentary.) Edinburgh : T. & T. Clark.
- CALVYN, J. 1966. Institutes of the Christian religion. 2 volumes. Michigan : Eerdmans. Vertaler: H. Beveridge.
- DEIST, F.E. 1976. Mosaïek van Moses. Kaapstad : Tafelberg.
- DRIVER, S.R. 1973. A critical and exegetical commentary on Deuteronomy. (International Critical Commentary.) Edinburgh : T. & T. Clark.
- EXALTO, K. s.a. De enige troost. Inleiding tot de Heidelbergse Catechismus. Kampen : Kok.
- FENSHAM, F.C. 1970. Exodus. (De Prediking van het Oude Testament.) Nijkerk : Callenbach.
- GKSA
Kyk Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
- GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1987. Psalmboek. Potchefstroom.
- GONZÁLES, J.L. 1975. A history of Christian thought, volume III. From the Protestant Reformation to the Twentieth Century. Nashville & New York : Abingdon Press.
- GRANT, R. & TRACY, D. 1984. A short history of the interpretation of the Bible. 2nd. ed. Philadelphia : Fortress press.
- GUNNEWEG, A.H.J. 1978. Understanding the Old Testament. London : SCM. (Old Testament Library.).
- HELBERG, J.L. 1983. Verklaring en prediking van die Ou Testament. Potchefstroom : Potchefstroom Teologiese Publikasies.
- HENDRIKSEN, W. 1974. Galatians. (New Testament Commentary.) Edinburgh : Banner of Truth Trust.
- HENDRIX, S.H. 1983. Luther against the background of the history of Biblical interpretation. *Interpretation*, 37:229-239.
- KRAUSS, H.-J. 1956. Geschichte der historisch-kritischen Erforschung des Alten Testaments vor der Reformation bis zur Gegenwart. Neukirchen: Verlag der Buchhandlung des Erziehungsvereins.
- POLMAN, A.D.R. s.a. Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis. 4 delen. Franeker : Wever.
- PONT, A.D. 1983. Die belydenis in historiese verband. *Hervormde Teologiese Studies*, 38(2-3):1-29.
- RIDDERBOS, J. 1958. De Psalmen II. (Commentaar op het Oude Testament.) Kampen : Kok.
- RUNIA, K. 1984. The hermeneutics of the Reformers. *Calvin Theological Journal*, 19:121-152.
- VON RAD, G. 1972. Genesis. (Old Testament Library.) London : SCM.